

Opgestel deur:

Dr Jane Buys

Veiligheids Risiko Analis,

Vrystaat Landbou (VL)

VRYSTAAT LANDBOU
TSA TEMO FREISTATA
FREE STATE AGRICULTURE

# IMPAK EN OMVANG VAN MISDADE GEDURENDE FEESSEISOEN 2022 IN DIE VRYSTAAT

## 1. INLEIDING

Die analise verwys in kort na misdade wat die kommersiele landbousektor gedurende Desember 2022 ook bekend as die feeseisoen geteiken het. Dit bevat nie al die misdade nie, maar slegs waar insette vanaf veiligheids verteenwoordigers van Boere Verenigings en Boere Unies bekom is. Dit bevat ook insette vanaf die Beheerkamers en Plaaswagte in die Vrystaat.

## 2. HOë MISDAAD AREAS TOV PLAASAANVALLE IN DIE VRYSTAAT:

Daar was slegs 4 plaasaanvalle in die Vrystaat gedurende Desember 2022 te Soutpan (verkragting van werker), Tseseng (roof van skaapwater en besoekers), Vandstadensrus (werkers) en Villiers (produsent en sy vrou).

Te Villiers is 'n boer en sy vrou binne hul huis in die nagtelike ure oorval waar die aanvallers gevlug het toe die boer noodweer toepas. Beserings was opgedoen.

Verder was daar 'n plaasaanval gefnuik te Clocolan waar 'n alarm in 'n huis afgegaan het, toe oortreders die huis binnegaan en die boer in die kamer was. Dit was helder oordag.

Die hoë misdaad areas tov plaasaanvalle vir Desember 2022 kan geidentifiseer word as Clocolan, Soutpan, Tseseng (QwaQwa), Vanstadensrus en Villiers.

## 3. HOë MISDAAD AREAS TOV MISDADE IN DIE VRYSTAAT:

54% van dorpe se boerdery gemeenskappe in die Vrystaat het misdaad insidente weergegee wat in Desember 2022 plaasgevind het.

Die volgende dorpe se boerdery gemeenskappe het gedurende Desember 2022 heelwat misdade ervaar, nl: Bethlehem (insluitend Bohlokong), Bultfontein, Cornelia, Heilbron, Petrusburg, Vierfontein, Viljoenskroon en Zastron.

Veertien (14) dorpe se boerdery gemeenskappe het 2 insidente elk gedurende Desember 2022 ervaar, terwyl 20 dorpe se misdade beperk was tot 'n enkele misdaad insident. Dit beteken dat so 22 dorpe se boerdery gemeenskappe het 2 tot 10 misdaad insidente ervaar vir Desember 2022.

Uitgesluit veediefstal, was misdade wat uitgestaan het die volgende:

- Diefstal waar koper en kragkabels veral van Transnet en Eskom asook pivots se kragkabels vanaf plase gesteel was (3 dorpe);
- Batterye van selfoon torings het ook plaasgevind waar selfoon seine ontwrig is;
- Sonpanele en sonpompe was ook gesteel (3 dorpe);
- Saad, kunsmis en of diefstal van gif was by 6 dorpe se boerdery gemeenskappe deurgegee nl Bethlehem, Hoopstad, Reitz, Vanstadensrus, Vierfontein, Viljoenskroon; diefstal van plante (5 sake) te Wepener waar 7 persone gearresteer is;

- Huisbrake by wonings en of store het by 10 dorpe se boerdery gemeenskappe plaasgevind.nl Bethlehem (Bohlokong), Bothaville, Bultfontein, Clocolan, Cornelia, Hertzogville (voertuig ook), Jacobsdal en Petrusburg

## 4. HOë MISDAAD AREAS TOV VEEDIEFSTAL IN DIE VRYSTAAT:

Nagenoeg twee-derdes (66%) van die misdade wat aan VL deurgegee was vir Desember 2022, hou verband met veediefstal.

In 20 insidente by 16 dorpe was beeste gesteel – tussen 1 tot 48 beeste per slag/insident, 185 beeste gesteel waarvan 47 teruggevind is – in 2 sake is arrestasies uitgevoer;

In 47 insidente was 724 skape gesteel in 26 boerdery gemeenskappe waarvan 141 teruggevind is. Daar was 4 veeslagtings wat plaasgevind het, waar 5 en tot 35 skape per insident geslag is op die plaas/toneel – 4 arrestasies het plaasgevind;

In 3 insident was 8 varke gesteel, terwyl in 1 insident was 1 perd gesteel was.

In totaal was daar 919 diere gesteel waar 188 teruggevind is, dus 731 diere gesteel by 37 boerdery gemeenskappe in die Vrystaat gedurende Desember 2022.

Hoë misdaad areas tov veediefstal in al die distrikte was uitgewys as Bultfontein, Botshabelo area, Cornelia, Harrismith, Hennenman, Koppies, QwaQwa area, Reitz, Reddersburg, Rouxville, Selosesha, Steynsrus, Tierpoort, Verkeerdevlei, Virginia, Ventersburg, Vrede en Warden.

Die gemiddelde aangemelde veediefstal sake tov veediefstal beloop tussen 250 tot 300 per maand, waar tussen 3 000 tot 5 000 diere gesteel word. Dit wil voorkom asof die VS ‘n marginale toename in veediefstal ervaar het.

Te midde van hoë sigbaarheid van boerdery gemeenskappe in witlig patrollies in samewerking met die polisie se bloulig patrollies, operasies, padblokkades, ens het veediefstal nog steeds toegeneem waar groot hoeveelhede vee gesteel is vanaf plase (skape en beeste veral). Waar gebiede deur die gesamentlike aksies gedomineer was, het dit as ‘n afskrikmiddel vir kriminele gedien wat nie sekere misdade veral veediefstal wou pleeg nie vir die vrees dat hul gevang sou word.

## 5. GRENSDORPE SE MISDADE GEDURENDE DESEMBER 2022:

Grensdorpe se boerdery gemeenskappe wat misdade ervaar het, was Clarens, Clocolan, Ficksburg, Fouriesburg, Ladybrand, Kestell, Tweespruit, Vanstadensrus, Wepener en Zastron. Baie van die insidente was grootliks beperk tot 2 en 3 insidente en in ‘n mindere mate 1 voorval. In sekere areas teen die grens waar die Caledon rivier vloei, was dit met al die reen redelik “in vloed” en het dit oorgrens verskuiwing van vee en of ander eiendom bemoeilik. Waar die Caledon nie die buffer was nie, was daar wel veediefstal insidente waar minder as 10 diere gesteel is.

Die sigbaarheid van die polisie en die SANW in die grensdorpe en hul betrokkenheid in die uitvoer van feesseisoen operasies, het ook ‘n impak gehad in die manifestasie van misdade gedurende Desember 2022.

## 6. OPSOMMING:

Die ***hoë misdaad areas tov misdade*** in die Vrystaat vir Desember 2022 is geidentifiseer as Bethlehem, Bultfontein, Cornelia, Ficksburg, Heilbron, Petrusburg, Reitz, Vierfontein, Viljoenskroon en Zastron.

Dit is belangrik dat boerdery gemeenskappe en die polisie die dorpe wat ‘n opkomende misdaad tendens uitwys, prioritiseer vir misdaad voorkomings aksies en operasies. Gedetaileerde Misdaad Patroon Analises (MPA) moet gedoen word op aangemelde sake ten einde wit/blou lig operasies en ook ander aksies tydens die regte tye te laat realiseer vir maksimale impak.

‘n Gedetaileerde impak en omvang studie kan slegs gedoen word wanneer 80 tot 90% van die misdade vir Desember 2022 beskikbaar is.

Die gemiddelde getal beeste wat per insident gesteel is, word beraam op 9 per insident. Wat diefstal van skape aanbetref, wil dit voorkom asof ‘n gemiddeld van 15 skape per incident gesteel word. Dit is baie hoë getalle en heelwat veediefstalle hou verband dat diere gedurende nagtelike ure aangejaag word deur verskeie plase wat se drade geknip word, na ‘n sekere plek waar dit gelaai word of sekere diere geslag word en ander gelaai word.

Boerdery gemeenskappe se betrokkenheid in bereidwilligheid om misdaad voorkomings patrollies te loods en van stapel te stuur, het ‘n groot bydraende rol gespeel in die voorkoms van alle misdade wat op die Landbou sektor negatief ingewerk het gedurende Desember 2022.